Meltwater
Outside Insight



**Publication:** Landbouweekblad - Inside
**Title:** Nuwe differensiaal vir sojabone tree in werking
**Publish date:** 07 Mar 2024
**Page:** 23

**Reach:** 11761
**AVE:**R 48215.57
**Author:** Nico van Burick



# Nuwe differensiaal vir sojabone tree in werking

**VIR** gewasboere wat reeds jare lank ongelukkig is met die bestaande liggingsdifferensiaal, het 'n nuwe era op 1 Maart aangebreek. 'n Nuwe differensiaal wat op meer realistiese vervoerkoste gegrond is, word vir die volgende drie jaar op sojabone getoets.

Die nuwe model is gegrond op vraag en aanbod gegewe die ligging, en neem alle punte van verwerking en produksie in ag, asook die impak wat dit op die differensiaal van elke geregistreerde leweringspunt sal hê.

Die navorsing vir die nuwe model is vir die Johannesburg-se Effektebeurs (JSE) gedoen deur dr. Johann Strauss van die departement van landbou-ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat.

Dit maak voorsiening vir 10 verwysingpunte, wat bestaande verwerkingsaanlegte is (sien die kaart hiernaas), en 204 leweringspunte.

Die differensiale wissel van R0/ton op onder meer Brits, Bronkhorstspruit en Delmas tot R339/ton by Petrusburg in die Vrystaat. Die differensiale vir die seisoen is gegrond op data van 2023.

Met die begin van die termynmarkte in 1995 is Randfontein as verwysingspunt gekies omdat daar 'n groot konsentrasie meulens was wat goed verbind was met silo's reg oor die land deur middel van spoorlyne en paaie. Dié situasie het egter sedertdien aansienlik verander.

Daar is reeds verlede jaar begin met termynkontrakte vir die bemarkingseisoen wat nou begin, en aan die einde van die seisoen sal die JSE met belanghebbendes in die bedryf vergader om die sukses van die proeflopie te bepaal.

Ná twee jaar sal besluit word of daar met die nuwe differensiaal voortgegaan gaan word, maar omdat die proses 'n jaar vooruit werk, sal die toetslopie drie jaar duur.

## Ander gewasse?

Dr. Dirk Strydom, hoof van bemarking, Nampo en navorsingskoördinering by Graan SA, sê die kriteria vir sukses wat deur die JSE neergelê is, is die mate waartoe gewillige verkopers en kopers mekaar met die nuwe konsep gaan vind en hoe doeltreffend die mark gaan funksioneer.

"Ons het reeds gesien die eerste deel werk taamlik goed. Dit is die termynkontrakte vooruit en die belangstelling lyk goed. Trouens, dit is hoër as ander jare. Selfs al neem ons die groter oes in ag en werk 'n persentasie uit, is dit hoër as in ander jare.

"Die groot toets is nou hoe dit op die fisieke mark gaan werk. Dit word vir die twee jaar getoets en as almal in die bedryf daarmee gemaklik is, sal ons die model op ander gewasse ook kan toepas."

Hy sê die nuwe bestel sal boere 'n regverdiger eerste punt van onderhandeling gee, en boere prysgewys dus in 'n beter posisie plaas.

Sien al 204 leweringspunte en elkeen se differensiaal by **tinyurl.com/49rpy3p2**. **LBW**




**Meer realisties.** Waar daar voorheen net een verwysingspunt was vir die land se 201 silo's, by Randfontein (nommer 3 op die kaart), is daar nou 10. Al 201 silo's binne die nuwe differensiaal se leweringspryse is apart bereken. *BRON: GRAAN SA/GOOGLE*





www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.